



Derde uitgawe  
2016

# Koeda

## Pretoria Bonsai Kai

### • Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley  
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As  
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit  
012 567 2520
- Sekretaesse – Mariaan Erwee  
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak  
083 388 4736
- Addisionele lede :  
Duvan Horn  
Martin Kruger  
Johan Els  
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrieff kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

### In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Terugvoering demonstrasie	3
Vergadering 7 Mei	4
BRAT	10
Literati	12
Vergadering 4 Junie	17
Lede profiel	28
Kalender	29
Snippets	30

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

## Van die redakteur.

### Beste Bonsai Vriende

Tot dusver het ons in Pretoria 'n warm winter. In Centurion het ek selfs 12mm reën gehad op 13 Junie. En van wat ek lees is die hitte dieselfde in die res van die wêreld. Ek lees in een verslag die volgende:

*"Last month was the hottest April on record globally – and the seventh month in a row to have broken global temperature records.*

*The latest figures smashed the previous record for April by the largest margin ever recorded.*

*It makes three months in a row that the monthly record has been broken by the largest margin ever, and seven months in a row that are at least 1C above the 1951-80 mean for that month. "*

Aardverwarming?

Maak dit jou ook bietjie benoud, en gee dit jou 'n gevoel van magdeloosheid? Kan ons as klein bonsai gemeenskap iets doen om te help? Help ses 'tips' 'n jaar in die Koeda oor hoe ons iets kan doen? En al lees jy dit doen jy dit ook?

Ek dink elke bietjie help!! Doen dit net!!

Jaco



**People have asked me "what do you get out of this bonsai stuff?" I reply with a smile on my face that "I get the chance now and then to learn a little more about myself."**

William Wilson

## Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

*Ek is redelik nuut in bonsai en lees baie na daaroor. Iets wat ek agterkom is dat bonsai verskillend hanteer word afhengende van die spesie van die bonsai, maar ook waar die bonsai gehou word, daarmee bedoel ek area.*

*Ek weet dat daar nie vaste reëls is nie maar is daar 'n aanduiding van hoe gereeld bonsai in die algemeen oorgeplant moet word?*

Stewart

Red: Ek het die volgende op die internet raakgeloop:

Repotting is carried out to prevent your plant becoming root bound and starving to death. It helps to maintain your tree in a small pot but does not reduce the size of your tree. Apart from watering, it is probably one of the most important and misunderstood processes in Bonsai

It depends on the size of container/pot and tree species how often a Bonsai needs to be repotted. Fast growing trees need to be repotted every two years (sometimes even every year), while older, more mature trees need to be repotted every three to five years. Do not repot on a routine, instead check on your trees every early spring by carefully removing the tree from its pot. A Bonsai needs to be repotted when the roots circle around the root system. When the roots are still contained in soil wait another year before checking again.



## TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME

Die tema van die vergadering van 7 Januarie 2012 was kerf van bome. Pieter du Plessis het aan 'n Witstinkhout gewerk wat hy op 10 Augustus 2009 by die BRAT "dig" by Brits gekry het. Pieter het 'n tak van die Witstinkhout met 'n 'angle grinder', waarop hy 'n lem van 'n 'biscuit machine' gesit het, afgesny. Daarna het Pieter ook met 'n 'mini grinder' die fyner kerfwerk gedoen.

Die foto's onder is in Koeda uitgawe een van 2012 geplaas. Links is die Witstinkhout toe Pieter hom op 10 Augustus 2009 by die BRAT "dig" by Brits gekry het. Regs hoe die boom gelyk het voor kerfwerk. Pieter wou die kant waar die tak na voor staan as sy bonsai se voorkant hê, agv van die wortels. Die boom is in die "struck by lightning" styl verander. Onder links nadat Pieter op 7 Januarie 2012 aan die boom gewerk het en onder regs hoe die boom lyk op 16 Junie 2016, dus sewe jaar en vyf maande sedert Pieter die boom uitgegrawe het.





## Vergadering van 7 Mei 2016



## Vergadering van 7 Mei 2016

Daar was 'n versoek dat die name van die bome wat uitgestal en bespreek word geplaas word, asook wat die eienaar van sy boom sê.



Louis van der Walt het sy Num Num (*Carissa*) in 2008 by 'n kwekery gekoop as 'n tuinplant. Die boom het op die oomblik 'n vrug aan wat eintlik heeltemal buite seisoen is.

Regs: Pieter du Plessis het hierdie 'triple trunk' Swartapiesdoring (*Acacia Burkei*) in 1992 van saad gegroei.



Regs: Gustav Lubcker het hierdie *Ficus Natalensis* (Natal wilde vy) in 1995 op die rots geplant.





## Vergadering van 7 Mei 2016



Links: Pieter du Plessis het hierdie Pierneef styl Swartapiesdoring (Acacia Burkei) in 1988 van saad gegroei.



Bo: Louis van der Walt het sy Ouhout (leucosidea) in 2008 by 'n kwekery gekoop as 'n tuinplant. Heel regs is hoe die boom gelyk het in September 2015 toe Louis hom by die skou by Safari kwekery uitgestal het. Baie mooi ontwikkel in so kort tyd.

Gedurende die vergadering het Gustav Lubcker en Francois van As gelyktydig demonstrasies gelewer. Hulle het gelukkig nie gelyktydig gepraat nie....

Gustav het die vergadering gewys en vertel van "Root over rock" en Francois het op 'n Olien wat hy in Julie 2014 by Koega in Port Elizabeth uitgegrawe het demonstreer.

## Vergadering van 7 Mei 2016

Gustav het die volgende verskaf oor sy praatjie:

### STYLE MET ROTSE

Wortel oor rots  
Seki-jo-Yo

Klou aan rots  
Ishi-zuke

#### 1. Keuse van rots

- 1.1 Rots moet karakter hê bv mooi groewe
- 1.2 Moet mooi vertoon van alle kante. Rondom mooi.
- 1.3 Moet in verhouding wees met die boom en nie al die aandag trek nie.

#### 2. Bome

Kies bome met lang soepel wortels. Kies die boom wat jy in hierdie styl wil doen en plant dit in 'n lang pot. Sit dit dan in 'n piering met water sodat die boom water van onder af moet trek. Sodoende sal die wortels vinnig afwaarts groei en jy sal mooi lang reguit wortels hê om mee te werk.

#### 3. Geskikte bome

Alle soorte Vye (wild figs)  
Esdorings (Maples)  
Olm (Chinese Elm)  
Witstinkhout  
Jenever (Junipers)  
Olienhoutbome (Wild olives)  
Witolienhout (Buddleja)

#### 4. Style

Alle informele style: Informeel regop  
Skuins stam  
Oorhang (cascade)  
Semi-oorhang  
Windverwaai (windswept)

#### 5 Wenke

Maak seker die wortels is mooi in die gleuwe en eweredig versprei. Maak vas met 'n sykous of raffia. Onthou die wortels moet kan asemhaal. Moet nie plastiek of isolasieband gebruik nie. Plant in 'n diep houer sodat die wortels vir die eerste jaar bedek is, daarna kan hulle ontbloot word.

## Vergadering van 7 Mei 2016



Gustav het gewys dat daar 'n paar maniere is om jou boom te plant om lang wortels te kry. Jy kan 'n pyp gebruik, of 'n ander lang pot of hy het ook gaas gewys wat jy in 'n silinder kan vorm en die boom in plant.

Gustav se demonstrasieboom was al redelik gevestig maar hy wil he dat sy wortels asook die bo-groei nog meer moet ontwikkel. Gustav het die boom se wortels met klei teen die rots vasgedruk. Hy se jy kan ook hessian gebruik. Toe het hy swart 'tape' bo-oor die wortels gedraai. Met tyd haal hy die 'tape' af.

Die boom word dan in 'n hout "bak" wat van stroke hout gemaak is geplant. Soos die boom groei en ontwikkel word die strokies hout van die bak van bo afgehaal om die wortels te ontbloot.



Vervolg op bl 9



## Vergadering van 7 Mei 2016



Francois se Olien het hy in Julie 2014 by Koega in Port Elizabeth uitgegrawe tydens die jaarlikse 'dig'. Hy noem dat daar een of ander pes in die blare was maar nadat hy al die blare afgehaal het het die boom weer mooi uitgeloopt en die peste was weg. Francois het voor die vergadering al sy boom bestudeer en besluit hoe hy hom wil styl. Hy het toe 'n skets gemaak van sy toekomstige plan met die boom, wat hy toe gedurende die vergadering toegepas het.

Dit belowe om 'n baie mooi boom in die toekoms te wees.



## BRAT vergadering, FAR WEST BONSAI KAI – 30 April 2016

### Verslag en foto's deur Esther van Aarde:

Dit was weereens 'n baie aangename en leersame dag. Ongeveer 140 bonsai liefhebbers het die dag bygewoon. Nadat die voorsitter van BRAT, Org Exley, die byeenkoms geopen het, het Dave Wilson 'n kort insae in die finansies van BRAT gelewer. Met die verkiesing van die nuwe BRAT bestuur is onse Org eenparig tot president herverkies. Ook vanuit ons klub is Jaco Kriek as sekretaris verkies. Baie geluk Org en Jaco! Ledegelde van BRAT is verhoog van R5 per person na R15 per persoon en vir die BRAT dae sal lede in die vervolg R100 in plaas van R70 moet opdok. Dit is nog steeds die geld werd!



Hannes Fritz se Akasia groep planting was, soos altyd, 'n meesterstuk. Hy gebruik klei om plante op die plat oppervlak te stabiliseer, vul dit dan verder op met 'n goeie grondbmengsel. Sy wenk: vir Akasias gebruik 'n groeimedium waarin mos nie sal groei nie, mos beskadig die bas van die boom.





## BRAT vergadering, FAR WEST BONSAI KAI – 30 April 2016

Gary Howes van Durban het gewys dat deur die natuur na te aap kan 'n gevestigde plant (hy het 'n Olien gebruik) her-stilleer word. Speel met die hoek waarop die boom in die pot geplaas word. Doen dinge in stappe, nie alles op een slag. 'n Goeie bonsai neem tyd.



James Cane het gedemonstreer hoe dik takke wel gebuig kan word. Met die regte tegniek is byna enigiets moontlik ! Weereens, dit neem tyd.



Laastens het Anthony Smit 'n Juniper rots planting geskep. 'n Klomp los plante, grond en rotse word weereens 'n voortreflike eindproduk agv Anthony se vernuf.

Die 'New talent' kompetisie het Pretoria Kai weer trots gemaak met die wenner Stefann Pretorius. Baie geluk Stefann!

Esther






## LITERATI – deur Dr Pieter Loubser.

### LITERATI

Literati is ’n ontwerpstyl van bonsai. Dit is ’n ietwat ongewone, maar treffende styl en nie baie gewild nie. Dit het dalk ’n slegte naam gekry omdat dit ontwerppreëls in vele gevalle ignoreer of oortree. En ons is tog so ’n reëlgebonde samelewing! Jy moet, jy mag nie! En tog, soos Richard Branson ons maan *“leer jy nie hoe om te loop deur reëls te volg nie. Jy leer deur te doen en om te val”*. En Carrie-Anne Moss beklemtoon dit deur te sê: *“mense vertel jou dat die wêreld ’n sekere manier lyk. Ouers vertel jou hoe om te dink. Skole vertel jou hoe om te dink. Televisie. Godsdiens. En dan op ’n sekere stadium, indien jy gelukkig is, besef jy dat jy jou eie oordeel kan vel. Niemand anders as jyself stel die reëls nie. Jy kan jou eie lewe ontwerp”*. En jare gelede het my onderwyser in Afrikaans ons verbied om ’n sin met “En” te begin. En nouja, dit was toe.



Iemand vra my onlangs tydens ’n bonsai-aanbieding (’n klubbyeenkoms) waarom ons in bonsai belangstel. Ek was op daardie stadium aan die praat oor Literati-bonsai. Uiteindelik het ons (gelukkig was daar ’n professionele kunstenaar/beeldhouer/skilder saam met ons om perspektief te gee) besef dat die rede is dat bonsai ’n kunsvorm is. Dis nou nie omdat dit ’n kuns (’n vaardigheid) is om bonsai te kan skep nie, maar dit gaan oor die waarom (kunsbehoefte van mense) ons dit doen. Let op dat keuse van woorde en hul verwysings sake kan verwring en “kuns” is maar een voorbeeld.

Juis daarom: Sien wat taal doen! “Kuns” en “vaardigheid” is nie dieselfde nie en tog soms, want as voorbeeld maak dit saak in die “sinsverband” en die “sins-verband”, of so-iets. Die een betekenis is ’n “sin”, soos deel van ’n “paragraaf” en die ander “sin” gaan oor betekenis. In die geval van bonsai kan jy meesters van miniaturisering kry, maar hul vermoë is bloot tegnies en het geen aanspraak op “kuns” nie. En Literatibonsai en die meesters daarvan roep jou tot denke.

Wat wil jy vergestalt met ’n bonsai? Wat wil jy uitbeeld of verbeeld? Of probeer jy net om ’n plant klein te hou? Nee! Bonsaikwekers probeer iets sê met hul boompies. Hulle bou droomkastele. Hoe lyk jou kasteel in die wolke? Jou droom? Gilbert K Chesterton herinner ons dat *“daar geen reëls vir die argitektuur van kastele in die wolke is nie”*. En die gedagte van “emosie” kom ter sprake.

Vervolg op bl 13

## LITERATI – deur Dr Pieter Loubser.

Kan bonsai iets weergee in terme van emosie? Ek sê ja! Maar alle bonsai? Of is daar style wat emosie beter uitbeeld as ander? Graderings? Kan daar 'n emosionele verskil wees tussen 'n weliggroeiende informeelregop bonsai en 'n maer, afgetakelde, maar oorlewende Literati? Of druk hulle maar net verskillende omstandighede en gevolglik “prente” uit? Emosies?

Hierdie opmerkings gee ons 'n idee van hoe die Literati oor hul ontwerpe gedink het en kan ons stimuleer om emosie in ons ontwerpe in te bou. En ons kan Afrika en meer spesifiek, Suidelike Afrika se bome en hul groeiwyses met gerustheid uitbeeld. Pierneef. Kremetart. Kameeldoring. Wildevy.



Maar wie was die Literati na wie hierdie styl van bonsai-ontwerp vernoem is? Mans met kenbaarde en jasse met lang moue? Volgens algemene siening was hulle sekere mense wie in China geleef het en sover ons weet was hulle beoefenaars van digkuns, woordskrif, skilder en filosofie. Laasgenoemde is belangrik omdat hierdie mense, so is veronderstel, denkers en kunstenaars was wie 'n bepaalde siening deur hul lewenswyse wou uitbeeld. Maar was dit waarlik so? Of het hulle naamgekry bloot weens hul opmerklike manier van sklider? Sover ek kan bepaal, was sommige werklik swak skilders, maar is aanvaar bloot omdat hul die “kleed” van Literati gedra het! Hierdie konsep van Literati was formuleer in die Bei (Noordelike) Song dinastie (960 tot 1279 - dalk), maar daar was soveel verwickelings in daardie tyd in die politiek en heerskappy van allerhande heersers in China dat dit nogal moeilik is om te bepaal watter dinastieë ter sprake was en hoe lank elk geheers het. Twee tendense is opmerklik, naamlik die Noordelike Song en die Suidelike Song periodes. Iemand stel dat die twee dinastieë bloot geduur het van 420 tot 589 HE, die sogenaamde laaste deel van die Ses Dinastieë. Nou nie dat al hierdie geskiedenis veel doen aan die verstaan van Literati-bonsai nie.

Vervolg op bl 14

## LITERATI— deur Dr Pieter Loubser.

Die konsep van Literati is in Japan, gedurende die 18de en 19de eeue HE mee voortgedoen en selfs daarop borduur. Die algemene konsep oor wie hulle was en wat hul standpunt was, is 'n romantisering van wat die situasie werklik was. Daar was ryk heersers wie ook hierdie “idee” nagevolg het en sulke persone gehuur het weens hul opinies en sogenaamde kuns om kunswerke te skep en lewensidees te promulgeer.

So genoem het hierdie mense tog 'n bepaalde vorm van kuns verteenwoordig en ons kan baat vind deur na hul werk te kyk en na te boots en as kuns beoefen. In hierdie verband is dit ook ter sprake wat spesifiek *ons* as kuns sien en waarom *ons* daaraan meedoen. Elbert Hubbard (1908) in “Little Journeys to the Homes of Great Teachers” meld dat “*kuns nie 'n ding is nie – dis 'n leefwyse*”. Frank Lloyd Wright (1957) aangehaal in “Frank Lloyd Wright on Architecture, Nature and the Human Spirit: A Collection of Quotations” sê dat “*kuns 'n ontdekking en ontwikkeling van elementêre beginsels aangaande die natuur na pragtige vorms geskik vir menslike gebruik is*”. Nogal iets om oor te dink!

Nou wie is ons (kunstenaars?) dan om ons in hierdie skeppende posisie in te dink? David Hochney sê dat “*jy weet dat jy 'n kunstenaar is, die oomblik waartydens jy verneuk vir die saak van skoonheid*”.



Wat behels hierdie bykans vreemde styl van ontwerp van bonsaibome dan? Ek het hierbo na die oorsprong gewys en wil net nog iets vertel om die oergedagte in hierdie bonsaistyl te illustreer. Dit dien om te weet dat hulle ook *Bunjin-gi* genoem was en die styl die *Bunjinstyl*, maar dit is Japanese terme. *Bunjin* is 'n vertaling van die Chinese “*wenren*” wat 'n term is vir geleerdes aangaande kunste en “*gi*” is 'n afleiding van die Japanese woord “*ki*” wat boom beteken en u kan dadelik die verbintenis tussen bonsai en Chinese Literati sien. Karige bestaan. Nou, die teenoorgestelde van “*bunjin*” is “*bujin*” wat 'n soldaat of dalk Samurai in ou Japan sou beteken. Ook teenoorgesteld is “*bunmin*” wat dui op gewoon burgerlik. En hoewel almal op bonsai kan toegepas word, beskryf *bunjin* die meer elegante, uitstaande, persoonlike begrippe van denkers, digters ensomeer.

Vervolg op bl 15



## LITERATI— deur Dr Pieter Loubser.



Die vroegste illustrasie (vermoedelik) van 'n penjing (boom in bak) is gevind in die Qianling muurskilderye in die praalgrafkelder van Kroonprins Zhanghuai gedateer 706 HE. Lees gerus by <http://en.wikipedia.org/wiki/Bonsai>. Besef dan dat *penjing* Chinees is vir *bonsai* en Literati is net 'n gestileerde ontwerp van bonsai. Ek gebruik die term “gestileerd” omdat dit vir my 'n kragdadigheid verteenwoordig, maar ook onderstelling, onderbeklemtoning. Dit is 'n ekstreme uitdrukking maar met gebruik van die minste. Die stamme word ooraksentueer, maar nie weens hul volume nie – eerder hul lengte. Hul verhewenheid ondanks massa. Die karigheid van die stamme is dus opvallend. So ook, in meeste gevalle, die loof. Soms is die stamme geskend en soms nie. Partykeer is die verloop hoekig, verrassend en kru en soms egalig en sag. Maar elke keer is die resultaat 'n sterk uitdrukking van emosie.

Ek dink allereers dat mens 'n bepaalde kunssmaak moet hê om van Literati-bonsai te hou. Dit sal verder help dat verstaan word vanwaar hierdie ontwerp(e) kom en die dieper betekenis daarin opgesluit, soos ek probeer aantoon het in die aanleiding. In my opinie is dit 'n moeilike styl van bonsai om oortuigende bome mee te skep, maar nouja, ek dink dit in iedere geval van meeste bonsaistyle. Dit is beslis nie 'n wegkomkans vir slordige onnadenkende ontwerpe nie.

Literati-bonsai is nie “swaar” nie. Daar is 'n ingeboude sin van ligtheid in die ontwerpe. Massa is afwesig. Erns met uitdrukking is tog waarneembaar, maar nie asof van 'n “oordonderende” aard nie. “Oorweldigend” mag ter sprake wees want die emosie in so 'n bonsai mag jou dalk aangryp. Soms huil die bome en soms terg hulle. Soms is hulle ouer en soms is hulle jonger. Daar is nie 'n vasgestelde patroon nie. Hulle is onreëlmatig en soms mismaak. Soms uiters eenvoudig en by tye nie. Drink koffie uit 'n blikbeker uit 'n emaljekan op 'n kolevuur en geniet dit soveel as uit 'n keramiekbeker vanuit 'n elektiese koffiemaker en vergelyk! Proe die rook in die koffie! Die rook in die braaivleis. Of soos kos wat eers na jy dit begin kou het en dit gerol het op die tong die smaak uitbring. Proe langer. Kyk langer. Dink. Verbeel.

Vervolg op bl 16

## LITERATI— deur Dr Pieter Loubser.

### Verdere gedagtes:

Gebruik die minimum aan die boom, maar die nodige. Verwyder alles wat oorbodig is (en dit is 'n kwessie van smaak hieroor). Gebruik die bietjie wat nodig is om die emosie mee uit te druk. Oormaat sal juis die teenoorgestelde verbeeld. Behou die natuurlike oftewel wat jy dink gewoon of ongewoon vir die natuur sou wees want die natuur doen beide. Watter karakter beeld jy uit? Behou 'n balans tussen visuele (okkulte) strukture. Onthou dat okkult te make het met wat jy sien en geen godsdiens impliseer nie. En 'n balans moet gevind word tussen afstand (vanaf die stam – ver of naby), volume, rigting, beweging en veel meer. Verstaan die gebruik van spasies (die vul daarvan teenoor die leegheid). Vorm is nie noodwendig belangrik nie, maar juis kan gebrekkige vorm emosie aandui. Maar chaos is nie aanvaarbaar nie. Eenvoud is! Harmonie is! Pablo Picasso het ons daarop gewys deur te beweer dat “*kuns die stof van die gewone lewe wegwas van die siel*”. 'n Wegneem van die oorbodige – die maskers. 'n Ontbloting van ons wis en onwis? En ek dink vir geen oomblik dat CJ Langenhoven Literai-bonsai in gedagte gehad het toe hy beweer het dat ons “*spaarsaam moet wees omdat jy die vermoë mag behou om vrygewend te bly*”.

En ek probeer om begrip te genereer vir hierdie vreemde bonsaistyl en dan gaan eintyd Langenhoven en vra “*hoe ons samelewing sou wees indien ons almal eers 'n saak moes **verstaan** voor ons daaroor sou kon oordeel?*” (my beklemtoning).

Aangaande dieper betekenis, in my opinie en beslis nie met verwysing na Literati nie, het Aristoteles gesê dat “*die doel van kuns is om die binnewaartse betekenis eerder as die buitewaardse voorkoms van dinge te verteenwoordig.*”

Michelangelo het beweer dat “*kuns die misterie uitlok, waarsonder die wêreld nie sou kon bestaan nie*”. Ek het al gewonder oor die uitbeelding van veral bome in Pierneef se pragtige skeppings, of dit nie dalk verwant is aan Literati-skilderye nie. Moderner dalk. Of meer Westers. Of Afrika suid van die Ewenaar? Maar Pierneef se bome het 'n agtergrond waarteen hulle vertoon word (berge, wolke). En Literati-bonsai staan alleen. Alleen! Miskien as groep, maar alleen.



Pieter Loubser

## Vergadering van 4 Junie 2016



Daar was 'n hele klompie mooi bome op die 'skou' wat bespreek is deur hul eienaars.

Onder: Hierdie bome behoort almal aan Erika Köhler. Links is n klein "Trident maple" wat in haar tuin opgekom het. Die boompie is ongeveer 10 jaar oud. Middel is 'n Witstinkhout wat ook in die tuin opgekom het, die boom is ongeveer twintig jaar oud. Erika beplan om die 'apex' bietjie laer te maak. Regs is 'n Witstinkhout wat Erika as geskenk gekry het. Die boom is so 30 jaar oud.





## Vergadering van 4 Junie 2016



Regs vertel Org van sy Witstinkhout. Org het die boom sowat 15 of 20 jaar gelede van saad gegroei. Die boom was 'n klompie jare in die tuin om goed te ontwikkel voordat Org hom gestyl en in 'n bonsai bak geplant het.



Bo: Die Procumbens nana behoort aan Andreas Venter (langs Org). Hy het die boom by Charles gekry en is so 13 jaar oud (dit is nou die boom ☺).

Die Olien regs behoort aan Koos Engelbrecht. Koos het die boom in 2010 in die natuur uitgegrawe.



## Vergadering van 4 Junie 2016



Bo: Andreas het hierdie Erythrina (Koraal boom) by Charles gekry. Die boom is plus minus 10 jaar oud. Die lang punte word gelos om te sien of hy gaan blom want blomme vorm op die punte van takke.



Bo: Louis se dat hy die klein Witstinkhout sowat 5 jaar het. Die boompie is uit die tuin gehaal.



Links: Erika het die aksent plant gewys om aan te dui hoe die blare verklein het. Regs is die natuurlike grootte van die blaar.

## Vergadering van 4 Junie 2016

### “Tip of the month” - by Prof Gareth Bath



Prof Bath said that not only does he hate to throw things away, he also strongly believes in recycling and re-purposing, meaning to use objects again for functions they were not originally made for.

Gareth showed a lot of examples that a 2 lit plastic milk bottle can be transformed into, ie very handy scoops for handling soil, scoops for placing your gravel neatly on the surface of the soil, scoops for brushing soil and other waste into. He showed that by cutting the top and bottom off you can use the container as a training pot to establish long roots for root over rock. He cut some bottles with long portions sticking up which he uses to tie cuttings to so the cuttings don't fall over. The bottom piece he uses as a little water tray in which he places 'mame' trees so they don't dry out. **Use you imagination and re-purpose !!**



# DIE KUNS VAN BONSAI BENATTING

OPGESTEL DEUR LOUIS VAN DER WALT





## Vergadering van 4 Junie 2016



## N PAAR ALGEMENE ASPEKTE VAN BONSAI BENATTING

- KORREKTE BENATTING IS DIE MEES KRITIESE ASPEK VAN BONSAI KUNS
  - STUDENTE VAN BONSAI IN JAPAN SPANDEER 3 JAAR AAN HIERDIE KUNS VOORDAT HULLE WERLIK BEGIN BONSAI BOME KWEK.
  - DIE VOLGENDE IS OOK UITERS BELANGRIK EN INTIEM GEKOPPEL AAN KORREKTE NATMAAK:
    - GRONDEIENSKAPPE
    - BOOMGROOTE
    - BOOMSPESIE (DROOGTEBESTANDHEID, BLAARGROOTE, HABITAT IN NATUUR, ENS)
    - POTGROOTE VERAL DIEPTE EN OPPERVLAKTE
    - POSISIE VAN BOOM IN TERME VAN SON EN SKADUWEE
    - WEERSOMSTANDIGHEDE:
      - WARM EN DROE SOMERTYD MET HOE VERDAMPING
      - REENWEER
      - TEMPERATUURSKOMMELING
      - WINTERKOU MET LAE VERDAMPING
  - DIE BESTE METODE VAN NATMAAK IS PER HAND EN INDIVIDUELE AANDAG
    - DIT IS EGTER ONPRAKTIES AS 'N MENS BAIE BOME HET SOOS WAT BAIE VAN ONS MAAR HET
  - MOET NOOIT OPHOU LEER NIE. LEER UIT EIE EN ANDER SE FOUTE. DAAR IS LEGIO BRONNE BESKIKBAAR.
-

## Vergadering van 4 Junie 2016

- GEEN WONDER BAIE VAN MY BOOMPIES LYK VIR LANG PERIODES “ONGELUKKIG”. PARTY SOVEEL SO DAT HULLE STERF.
- MAAK VOORTDUREND SEKER DIE DREINERINGSOPENINGE ONDER POTTE LAAT WATER VRY DEURVLOEI. DIE OPENINGE RAAK OM VERSKEIE REDES SOMS VERSTOP EN INSPEKSIE DAARVAN WORD DIKWELS NAGELAAT.



## HOEKOM HIERDIE ONDERWERP

NA 9 JAAR IN HIERDIE STOKPERDJIE HET EK BEGIN BESEF HOE UITERS BELANGRIK DIE KORREKTE NATMAAK VAN BONSAI WERKLIK IS.

- MET DIE OORGANG VAN WINTER NA SOMER VERLEDE JAAR (DAAR WAS MOS NIE 'N LENTE NIE) HET EEN VAN MY MOOISTE OLIENHOUTBOOMPIES “GEVREK”. (Nadat ek al- le sekondere en later die meeste primere takke afgesny het, het dit wonder bo wonder weer begin uit- loop).
- EK HET WATER DRASTIES VERMINDER IN DIE WINTER. HET TYDSKELAAR AFGESKA- KEL WAT OUTOMATIES 2 KEER PER DAG VIR 15 MINUTE AANGESKAKEL HET. HET BESLUIT OM VIR 'N RUK MET HAND WATER TE GEE. WAS VIR 2 DAE WEG EN MET TUISKOMS GESIEN 'N PAAR BOME IS BAIE DROOG. DIE SPESIFIEKE OLIEN SE BLARE HET VERDROOG EN DAAR NA AL DIE SEKONDERE TAKKIES GEVOLG DEUR DIE PRI- MERE TAKKE.

## Vergadering van 4 Junie 2016



- HIERDIE GEBEURTENIS HET MY LAAT BESEF HOE KRITIES WATERGEE TEGNIEKE VIR BONSAI IS EN DAT EK MY ONDERVINDING MET U WIL DEEL.
- GEVOLGLIK HET EK BIETJIE LITERAATUURSTUDIE GEDOEN EN NA INLIGTING VERKRY BY PROFF GOOGLE VERDER TOT DIE SLOTSOM GEKOM DAT HIERDIE ONDERWERP UITERS KOMPLEKS IS.
- AS BONSAI ENTOESIASTE HOEF ONS NIE VERSTRENGEL TE RAAK IN DIE KOMPLEKSE TEORIE NIE, MAAR DIT SAL HELP OM SEKERE BELANGRIKE BEGUNSELS TE VERSTAAN SODAT ONS BOOMKINDERS “GELUKKIG” KAN WEES. ’N VERWAARLOOSDE BONSAI BOOM KAN TOG NIE ESTETIES OP SY BESTE WEES NIE.

### SO BIETJIE TEORIE OOR WATER, PLANT EN GROND




DIAGRAM OM VLOEI VAN WATER TE WYS




## Vergadering van 4 Junie 2016

### BENATBAARHEID VAN GROND

- **UITGEDROOGDE GROND HET GEWOONLIK BAIE SWAK BENATTINGS-EIENSKAPPE.**
  - Water vloei weg oor die grond sonder om dit te benat (sanderige grond met hoe organiese inhoud is geneig om 'n “waslagie” om die grondpartikels te vorm)
  - Dit kan 'n groot effek hê op die sukses van benatting metode
  - Die probleem kan gedeeltelik oorkom word deur die grond eers stadig te benat (vat party keer baie lank) voordat die plant deeglik benat kan word (ek het gevind dat 'n fyn missproei om eers die grond voorlopig te benat baie help). Onderdompeling kan ook gedoen word en kan soms tydrawend wees.
    - Dit is hoekom dit so lank neem om 'n pot wat uitgedroog het te benat
- Die water kan onder by die dreineringsgate van die pot uitloop sonder dat die grond benat is. Dit kan mens onder die verkeerde indruk bring. Wees baie versigtig hiervoor.
- Grondmensele en die bestanddele daarin speel 'n groot rol. Grondmensele se benatbaarheid kan dus van mekaar verskil
- Oppervlakspanning van water speel 'n groot rol in die benatbaarheid van vastestowwe.
- In die landbou word oppervlakspanning van water deur byvoegmiddels (surfactants) in die water gemanipuleer om benatbaarheid en dus waterverbruik te verbeter. In bonsai kan dit dalk ander nuwe effekte hê. Wil graag meer daarvoor teweete kom.
- Die waterretensie vermoë van die grond is ook baie belangrik. Verskillende spesies bome se behoeftes verskil wat die grond se waterretensie betref

#### VERGELYKING VAN WATERHOVERMOE IN VERSKILLENDE GRONDTIPES




## Vergadering van 4 Junie 2016

### SKEMATIESE VOORSTELLING VAN WATER IN GROND


TE VEEL WATER



KORREKTE BALANS




TE DROOG




## Vergadering van 4 Junie 2016

### SKEMATIESE VOORSTELLING VAN ONVOLDOENDE DRUPBESPROEING



### SKEMATIESE VOORSTELLING VAN VOLDOENDE DRUPBESPROEING





## Vergadering van 4 Junie 2016

### GEVOLGTREKKINGS

- BEVINDINGS
- PROBLEEM VAN TE MIN WATER AANGESPREEK
- Die proses van druppelbesproeing in samewerking met mikrosproeiërs waarskynlik net geskik vir baie warm droë weersomstandighede
- Slegs een metode behoort voldoende te wees in koeler of natweersomstandighede
- Daar is ook opgemerk dat alle bome nie dieselfde behoefte het nie en dat 'n proses soos hierdie nie geskik is vir almal nie
- LEEMTES
- BAIE WATER WORD GEMORS
- BOME KAN TE VEEL WATER KRY
- DIT KAN WORTELVROT VEROORSAAK EN 'N “SIEK” PLANT TOT GEVOLG HÊ



Louis het hierdie ‘Namakwa kunibos’ van hom gewys en getoon hoe ’n boom wat in die natuur in droë toestande groei en as bonsai te veel water kry agteruitgaan en selfs vrek. Die onderste takke het begin terugsterf en groei is net bo aan die boom. Nog ’n interessante aspek is dat die boom vruggies maak. Dit is ’n oorlewens taktiek, die boom kry swaar en wil verseker dat hy saad gee vir die oorlewing van die spesie.

## Lede profiel - Esther van Aarde

**Esther** is een van die bekende gesigte by die Kai. Sy woon omtrent al die vergaderings by. Wanneer sy kan woon sy ook BRAT en konsensies by. Dan skryf sy ook artikels as die redakteur nie by byeenkomste kan uitkom nie en baie van Esther se fotos is al in die Koeda gebruik. Wanneer sy saam haar man Andries in ander stede is of oorsee gaan, besoek sy bonsai kwekerye of uitstallings en skryf altyd ietsie daarvoor vir die Koeda.

Esther werk as Verpleegkundige by die Neonasale intensiewe afdeling—dus met baie siek klein babatjies. Wat 'n onbaatsugtige werk! Sy het in Kleinmoes in die Noordkaap matriekuleer en is daarna na Tukkies om verpleging te studeer. Sy is al van 1974 toe sy klaar studeer het werksaam as verpleegkundige.

Esther en haar man Andries is al 43 jaar getroud en het 'n seun en dogter uit die huwelik. Hulle is ook oupa en ouma van twee kleinkinders, wat Esther se haar hart se punte is.



Esther het haar eerste bonsai, 'n Sipres, in 1990 by haar oorlede swaer gekry. Toe sy die boom vanuit die Kaap Pretoria toe vat het die boom egter gevrek. Sy vertel toe eendag vir van haar kollegas by Unitas hospitaal daarvan en een kollega se dat hulle sopas in 'n nuwe huis ingetrek het en dat daar 'n paar bonsai's agtergelaat is wat sy nie wil hê nie. Sy skenk hulle toe aan Esther en net daar byt die bonsai gogga behoorlik. In 2001 sien Esther die Pretoria bonsai kai uitstalling by Safari kwekery en sluit toe aan. Sy is sedertdien ononderbroke lid, dus 15 jaar.

Esther sê dat sy in die algemeen baie lief is vir plante en dus haar boompies verskriklik geniet. Haar bome, sowat 40, staan al om die huis op balkonne en stoepe op netjiese rakke. Sy het eendag in 'n Koeda die volgende gelees en dit haar motto gemaak "I grow bonsai for myself, if others enjoy them that's a bonus."

Esther het net inheemse bome en koop graag inheemse bome by die Skukuza kwekery in die Kruger wildtuin. Sy hou van natuurlike style wat pas by ons inheemse bome. Sy werk egter nie graag met Akasia nie omdat die dorings steek.



Esther hou baie van tuinmaak en haar pragtuin in die middel van Junie getuig daarvan. Sy doen ook graag naaldwerk en enigiets wat mens met jou hande kan doen. Sy sê sy hou selfs van skottelgoed was.

Esther geniet dit baie by die kai en die vergaderings. Al die bonsai vriende inspireer haar en sy geniet almal se opinies en menings. Sy sou graag wou sien dat van die vergaderings so ingerig word dat almal kan deelneem.



## Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

### Wat doen ons in Julie en Augustus?

Dit wil voorkom asof ons nie 'n koue winter hierdie seisoen gaan hê nie. Dit beteken egter nie dat ons kan agteroor sit nie, hou die temperatuur nogtans fyn dop. Bome in die natuur se wortels is diep onder die grond en dus geniet hulle beskerming teen temperature wat vriespunt bereik. Bonsaiboompies wat in vlak potte geplant is se wortels moet egter beskerm word. Indien jou kouesensitiewe boompies nie in 'n kweekhuis gehou word nie moet die potte toegemaak word. Wanneer die boompies in 'n kweekhuis gehou word en hoë temperature voorkom, moet die kweekhuis oopgemaak word. Dit sal voorkom dat die boompies uit hulle dormante staat kom. Dit is nie nodig om elke dag water te gee nie, hou die boompies dop en sorg dat die grond klam bly. Kyk ook gereeld vir insekte en swamsiektes. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees 'n paar bonsai boeke en tydskrifte.



#### Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakke) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

*Francois van As*



## Snippets

### Our Environment.

Paper is made from trees and making paper uses a lot of water. If we can cut down on using paper a lot of water and trees will be saved.

Explore whether it is possible to receive more of your current snail mail via email so that you do not waste paper. Request companies to e-mail your bank statements, cellphone accounts/statements, municipal accounts etc instead of receiving them by mail. Most of these you throw away anyway.

You will help the environment!



### Inspiration from nature

This beautiful natural informal tree was photographed in Sri Lanka by Marthina Kilian (not a kai member). The species of tree is unknown and it is uncertain if the tree always stands in water or if there was flooding when the photo was taken.

A good example to copy in bonsai??

